| LAERSKOOL DOELGERIG TYGERPOORT<br>BELEID EN ROSEDURE: BESTUUR VAN DIE LAERSKOOL YGERPOORT | GOEDGEKEUR:<br>Hoof | 2020 .03 .12<br>Datum<br>*Hersien: Maart 2020* |
|---|---|---|

**MERIETEBELEID VAN DIE GRONDSLAGFASE**

**DIE DOEL**:

Die doel van Laerskool Tygerpoort se Merietebeleid is om in die Grondslagfase erkenning te gee aan toppresteerders.

**DIE STRUKTUUR:**

1. Daar word toekennings gemaak ten opsigte van die vier vakke in die Grondslagfase, naamlik Afrikaans, Engels, Wiskunde en Lewensvaardighede.

2. Akademiese toekennings tydens die merietefunksie wat in 'n aand aangebied word:
   - **Uitsonderlike prestasie toekennings in graad 1, 2 en 3.**
     Leerders wat aan die einde van die jaar 'n gemiddelde prestasie van 95% en hoër vir die vier vakke behaal sal 'n sertifikaat en 'n medalje ontvang. Die promosiepunte word in ag geneem.
     <u>Bewoording:</u>
     Uitsonderlike prestasie in graad (1, 2 of 3)
   - **Puik prestasie toekennings in graad 1, 2 en 3.**
     Leerders wat 'n gemiddeld van 85% – 94% vir al vier vakke aan die einde van die jaar behaal, ontvang 'n sertifikaat. Die promosiepunte word in ag geneem.
     <u>Bewoording:</u>
     Puik prestasie in graad (1, 2, of 3)
   - **Beste vordering in graad 1 (Trudie Pienaar Wisseltrofee).**
     Die leerder wat die beste vordering getoon het van kwartaal 1 tot kwartaal 4 in graad 1 ontvang 'n wisseltrofee. Indien daar wesenlike afwesigheid deur die leerder was, sal die leerder nie in aanmerking kom vir die toekenning nie.

3. Ander toekennings wat in die klas oorhandig word:
   - 100% skoolbesoek

4. Leestoekennings:
   Bo en behalwe die bogenoemde toekennings gaan slegs graad 1-onderwysers vir elke leerder 'n boek aan die einde van die jaar oorhandig in die klas.

5. Verdere toekennings wat tydens die meriete-aand oorhandig word:
   - Spelolimpiade: Afrikaans
   - Wiskunde: Hoofrekene
   - Spelolimpiade: Engels
   - Lewensvaardigheid
   - Sport en kultuur
   - Provinsiale kleure